



Pastoor Tony Alamo

Die Alamo Christelike Nasie

Volume 17500

STRYDWAENS VAN VUUR

deur Tony Alamo

Wanneer mense die woord “strydwa” sien, dink hulle dit het net een betekenis, “n oorlogswa deur ou volke gebruik, n voertuig met twee wiele wat ook as triomfwagen in wedrenne diens gedoen het.” Die Webster Woordeboek noem dit n “strydkar”. Die woord “kar” kom van die Latynse woord “carrus” wat “strydwa” (*chariot* in Engels) beteken. Strydwa beteken ook “(1) enige voertuig op wiele; (2) n voertuig wat op spore beweeg, soos n straatkar of wa; (3) n outomobiel; en (4) n hyserbak.” n Moderne definisie sluit in lugvaartuie, VVV’e, vlieënde pierings en enige vervoerder van mense, engele, ens. Die Hebreeuse vertaling vir “strydwa” kan wees “menigte” of “waens”. Die woord “strydwa” het dus baie betekenis.

In 2 Konings 6:15, toe die dienaar (of kneg) van die man van GOD (Elisa) vroeg opstaan en uitgaan, was daar n leër met perde en strydwaens rondom die stad (dit was nie vuurwaens nie, want hulle het net mense vervoer). En sy dienaar (kneg) sê vir hom: “Ag, my heer, hoe sal ons maak?” Hy antwoord egter: “Vrees nie, want die wat by ons is, is meer as die wat by hulle is.” En Elisa het gebid



Pastoor Alamo en sy oorlede vrou Susan op hulle internasionale televisieprogram, opgeneem by die Grand Ole Opry, Nashville, Tennessee Foto geneem in 1975

en gesê: “HERE, open tog sy oë, dat hy kan sien.” En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien. Meteens was die berg vol perde en waens van vuur alom Elisa. Hierdie strydwaens is anders as die Siriërs se strydwaens want dit vervoer engele. Hulle is die “waens van vuur” en is onsigbaar vir die menslike oog tensy GOD ons dit laat sien. HY laat vandag meer en meer mense toe om die Hemelse vlieënde pierings te sien. Hulle besigtig die aarde voordat JESUS weer terugkom aarde toe en hulle veroorsaak, volgens GOD se bevele, rampe hier

en daar op aarde as gevolg van mense se godslastering, afgodery en baie ander sondige gewoontes.¹

Party mense glo dat ons net die woorde “JESUS CHRISTUS” hoef te glo en dan sal ons gered word. Wat GOD eintlik bedoel is dat ons alles moet glo wat ons HERE JESUS gesê en gedoen het en steeds deur SY LIGGAAM, wat SY Kerk, SY Bruid is, doen. Dit is waarom HY vir ons in die boek van Openbaring sê dat ons ywerig besig moet wees om HOM te volg.²

Baie mense verklaar dat hulle SY naam glo, net soos die duiwel ook SY naam glo en sidder (Jakobus 2:19). JESUS

sê egter vir ons dat HY van ons verwag om HOM te volg en om Sy gebooie met ywer na te kom!³ As ons selfs net een van SY gebooie verbreek, kan ons net sowel hulle almal verbreek, want as ons net een van SY gebooie verbreek is dit genoeg om ons siele na n ewige Hel en n ewigheid in die Poel van Vuur te stuur.⁴ Dit is waarom JESUS ons waarsku dat HY nie grappies maak nie. HY sê: “Ek ken jou werk, [HY weet alles wat jy sê en doen] dat jy nie koud en ook nie warm is nie. Was jy tog maar koud of warm!

(Vervolg op bladsy 2)

1 Gen. 19:1-25, Num. 22:1-35, 25:1-9, 2 Sam. 24:1-17, 2 Kon. 19:35, 1 Kron. 21:9-30, 2 Kron. 32:19-22, Op. 7:1-2, hfst. 8, 9:1-5, 13-21, 14:8-11, 15-20, hfst. 16, 18:1-2, 21, 19:17-21, 20:1-3, 21:9 2 Matt. 3:7-10, 7:13-23, Joh. 14:12, 15, 21-24, 15:1-14, Rom. 12:5-21, Gal. 5:14-26, Ef. 4:20-32, Titus 2:11-15, Heb. 2:1-3, Jak. 1:21-27, 1 Pet. 4:7-8, 2 Pet. 1:3-11, 1 Joh. 2:3-11, 15-17, 3:4-12, Op. 3:14-22 3 Op. 3:14-22 4 Jak. 2:10-11

STRYDWAENS VAN VUUR

(Vervolg vanaf bladsy 1)

Maar nou, omdat jy lou en nie koud of warm is nie, sal EK jou uit my mond spuug” (Openbaring 3:15-16).

Hoe is dit moontlik dat die HERE alles weet wat ons sê en doen? Ons weet dat alles wat ons gesê en gedoen het, of wat ons gaan sê of doen, in 'n boek neergeskryf is.⁵ Ons weet dat GOD oral is, dat die heelal HOM nie kan bevat nie.⁶ HY is ook alomteenwoordig, wat beteken dat HY onbepaalde mag en gesag het. HY is almagtig.⁷ HY is alomteenwoordig, wat beteken teenwoordig in alle plekke op dieselfde tyd.⁸ Dit is vir GOD niks om alles te weet wat ons sê en doen nie, en dit is onmoontlik vir HOM om te lieg (Hebreërs 6:18).

Dit is uiters belangrik dat ons JESUS glo wanneer HY sê dat ons geoordeel sal word vir elke ydele woord.⁹ Matteus 12:36 lui: “Maar EK sê vir julle dat van elke ydele woord wat die mense praat, daarvan moet hulle rekenskap gee in die oordeelsdag.” Openbaring 20:11-12 lui: “En ek het 'n groot wit troon en HOM wat daarop sit gesien, voor wie se aangesig die aarde en die hemel weggevlug het; en daar is geen plek vir hulle gevind nie. En ek het die dode, klein en groot, voor GOD sien staan, en die boeke is geopen; en 'n ander boek, die boek van die lewe, is geopen. En die dode is geoordeel na wat in die boeke geskryf is, volgens hulle werke.”

Ek het in 'n ander stuk literatuur geskryf dat GOD SY engele gestuur het om sondaars en sondige plekke op aarde te vernietig.¹⁰ Die boek van Openbaring vertel van die eerste en die tweede stel van sewe plae wat die engele in die vernietiging van die hele, baie sondige aarde sal uitgooi (Openbaring 8:6 tot 9:21, 11:14-19, 16:1-21).

Een engel het ook Sanherib se weermag van 185 000 mans in net een nag vernietig. “En in dieselfde nag het die engel van die HERE uitgetrek en in die laer van die Assiriërs honderd-vyftig-tuigduisend [185 000] verslaan [doodgemaak]; en toe hulle die môre vroeg klaarmaak – was dit almal lyke!” (2 Konings 19:35).¹¹ Toe Dawid gesondig het deur Israel te tel, wat GOD nie wou gehad het hy moes doen nie, het GOD een engel gestuur om 'n plaag aan die kinders van Israel te stuur wat 70 000 van hulle doodgemaak het (2 Samuel 24:15).

GOD, wat alomteenwoordig is, oral op dieselfde tyd, stuur SY engele, wat SY personeel is, om die mense op aarde te vervloek, om verwoesting vir die bese te bring. Die engele is ook boodskappers wat gestuur word om goeie tydings aan mense soos Maria en Elisabet te bring.¹²

Nou is daar 'n vuur van GOD wat soos 'n vlam brand waaroor die Apostel Petrus in 2 Petrus 3:7-14 sê: “Die teenswoordige hemele en die aarde is tog deur dieselfde WOORD as 'n skat weggeleë en word teen die vuur bewaar tot die dag van die oordeel en die verderf van die goddelose mense. Laat hierdie een ding julle tog nie ontgaan nie, geliefdes, dat een dag by die HERE soos 'n duisend jaar is en 'n duisend jaar soos een dag. [Dit beteken eenvoudig dat GOD nie haastig hoef te wees om my en jou te oordeel nie, want ons lewens is baie kort.¹³ GOD is ewig; HY leef vir ewig.¹⁴ HY weet dat ek en jy binne 'n oogwink voor HOM gaan staan.¹⁵ HY het baie tyd. Wanneer daar nie meer tyd is nie, sal HY vir jou en my sien – binnekort.] Die HERE verdraag nie die belofte [SY veroordeling] soos sommige dit as vertraging ag nie, maar HY is lankmoedig oor ons en wil nie hê dat enigeen moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom [voordat

die oogwink van ons veroordelings verby is].

“Maar die dag van die HERE sal kom soos 'n dief in die nag, waarin die hemele met gedruis sal verbygaan en die elemente sal brand en vergaan. Die aarde en die werke wat daarop is sal verbrand. Terwyl al hierdie dinge dan vergaan, hoedanig moet julle nie wees in die heilige wandel en godsvrug nie? Julle wat die koms van die dag van GOD verwag en verhaas, waardeur die hemele deur vuur sal vergaan en die elemente sal brand en versmelt. Ons verwag egter volgens SY belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon. Daarom, geliefdes, terwyl julle hierdie dinge verwag, beywer julle dat julle ywerig en onberispelik voor HOM bevind mag word, in vrede.”

Daar is 'n vuur van GOD wat nie soos die bogenoemde vuur brand nie, wat die hele hemel en aarde verbrand. Hier is 'n paar voorbeelde van hierdie soort vuur. Openbaring 1:13-14 lui dat daar een was tussen die sewe kandelare, simbolies van die sewe kerke, “soos die SEUN VAN DIE MENS [JESUS], met 'n kleed aan wat tot op die voete hang en om die bors gegord met 'n goue gordel. SY hoof en hare was wit soos wit wol, soos sneeu [simbolies van HOM wat die LAM van GOD is, wat geslag is voordat die fondasie van die wêreld vir die sondes van almal wat tot bekering sal kom¹⁶]; en SY oë soos 'n VUURVLAM...”

“Daarop verskyn die Engel van die HERE aan hom [Moses] in 'n vuurvlam uit 'n doringbos. En toe hy weer sien, brand die doringbos in die vuur, maar die doringbos word nie verteer nie!” (Eksodus 3:2).

“En die HERE het voor hulle [die nasie van Israel] uitgetrek, bedags in 'n wolkkolom om hulle op die pad te lei en snags in 'n vuurkolom om vir hulle

5 Deut. 31:21, 1 Kon. 8:39, 2 Kon. 19:27, 1 Kron. 28:9, Job 31:4, 34:21-22, 25, Ps. 44:21, 69:5, 139:1-16, 23-24, Jes. 29:15-16, Eseg. 11:5, Luk. 16:15, Hand. 15:18, Heb. 4:13, 1 Joh. 3:20, Op. 20:12-13 6 1 Kron. 8:27, 2 Kron. 2:6, Ps. 139:7-16, Spr. 15:3, 11, Jer. 23:23-24, 7 Gen. 17:1, 35:11-12, 1 Kron. 29:11-12, 2 Kron. 20:6, Job 42:2, Ps. 104:1-32, Jes. 26:4, 40:12-18, 21-28, Matt. 19:26, 24:30, 28:18, Luk. 1:37, Joh. 17:2, Hand. 26:8, Ef. 1:19-22, Kol. 1:12-19, 2:10, Heb. 1:1-12, Op. 4:11, 16:9, 19:6 8 Ps. 139:3-10, Jer. 23:23-24, Hand. 7:48-49, 17:24 9 Ps. 19:14, Matt. 12:36-37 10 “Die Weermag en Lugmag van God (Die Bewakers)” “Hemelse Engele sweef oor ons planeet,” Gen. 19:1-25, Eks. 33:1-3, 2 Sam. hfst. 24, 2 Kon. 6:8-17, 19:1-35, 2 Kron. 20:1-24, 32:1-22, Ps. 34:7, 35:4-6, Sag. 1:7-21, Matt. 13:36-43, 47-50, 16:27, Hand. 12:21-23, Jud. 14-15, Op. 7:1-2, hfst. 8, 9:1-5, 12-21, 14:8-11, 15-20, 15:1, hfst. 16, 18:1-2, 21, 19:17-21, 20:1-3, 21:9 11 2 Kron. 32:19-21, Jes. 37:36 12 Gen. 16:6-15, 21:14-21, Rig. hfst. 13, 1 Kon. 19:1-8, Dan. hfst. 6, Matt. 1:18-25, 28:1-8, Luk. 1:5-20, 26-38, 27-16, Hand. 1:9-11, 10:3-6, 12:1-11, 27:9-44 13 1 Kron. 29:15, Job 4:17-21, 7:6-10, 9:25-26, Ps. 22:29, 39:4-6, Jes. 2:22, 40:6-7, Jak. 1:10-11, 4:14, 1 Pet. 1:24 14 Eks. 15:18, Deut. 32:39-40, Job 36:26, Ps. 9:7, 10:16, 29:10, 45:6, 90:1-4, 93:2, 102:12, 24-27, 146:10, Jes. 44:6, Klaagl. 5:19, Dan. 4:34, Luk. 1:33, Heb. 1:10-12, 1 Tim. 1:17, 6:15-16, Op. 1:8, 17-18, 4:8-11 15 Ps. 73:18-19, Pred. 12:13-14, Dan. 7:9-10, Hand. 17:30-31, Rom. 2:5-13, 16, 14:10-12, 1 Kor. 15:52, 2 Kor. 5:10, Heb. 10:26-31, Op. 11:18, 20:11-15 16 Jes. 53:4-12, Joh. 1:29, 1 Pet. 1:18-19, Op. hfst. 5, 6:16, 7:9-17, 12:11, 13:8, 14:1-4, 15:3, 17:14, 19:7-9, 21:9-27

te lig, sodat hulle dag en nag kon trek,” (Eksodus 13:21).

“En die verskyning van die HERE se heerlikheid was in die oë van die kinders van Israel soos h verterende vuur op die piek van die berg,” (Eksodus 24:17).

In Matteus 3:11 sê Johannes die Doper: “Ek doop julle wel met water tot bekering; maar HY wat na my kom, is sterker as ek, hy wie se skoene ek nie waardig is om te dra nie. HY sal julle doop met die HEILIGE GEES en met VUUR.”

“En toe HY [JESUS] met hulle aan tafel was, neem HY die brood en dank; en HY breek dit en gee dit aan hulle. Toe is hulle oë geopen en hulle het HOM herken en HY het uit hulle sig verdwyn. En hulle sê vir mekaar: Was ons harte nie brandend in ons toe HY met ons op die pad gepraat en vir ons die Skrifte uitgelê het nie?” (Lukas 24:30-32).

In 2 Konings 6:17 het Elisa tot GOD gebid om die oë van sy dienaar, sy kneg, oop te maak. “HERE open tog sy oë, dat hy kan sien. En die HERE het die oë van sy dienaar geopen, dat hy kon sien en meteens was die berg vol perde en waens [voertuie, VVV’e, vlieënde pierings] van VUUR [dieselfde as die HEILIGE GEES, maar VUUR waarmee JESUS doop wanneer ons van die mag van bo voorsien en gedoop word met die HEILIGE GEES en VUUR] alom Elisa.”

In Handeling 1:7-9, het JESUS vir SY dissipels gesê: “Dit kom julle nie toe om die tye of geleenthede te weet wat die VADER deur SY eie mag bepaal het nie; maar julle sal krag [VUUR en YWER] ontvang wanneer die HEILIGE GEES oor julle kom en julle sal MY getuies in Jerusalem sowel as in die hele Judea en Samaria en tot aan die uiterste van die aarde wees. En nadat HY dit gesê het, is HY opgeneem terwyl hulle dit sien; en h wolk het HOM voor hulle oë weggeëem.”

Die HEILIGE GEES het JESUS Hemel toe geneem. Dit is die HEILIGE

GEES wat die VVV’e, die vlieënde pierings of strydwaens van VUUR met die engele daarin beheer. Hulle kom nie van h ander planeet af nie. Hulle is Hemels – van die Hemel af – en ondersoek die aarde oomblikke voor die eindtyd, voor JESUS weer terugkom aarde toe. Hulle implementeer ook die begin van smarte waarvan JESUS in die 24ste hoofstuk van Matteus praat. Die volgende is JESUS se woorde: “Pas op dat niemand julle mislei nie. Want baie sal onder MY Naam kom en sê: EK is die CHRISTUS! en hulle sal baie mense mislei. En julle sal hoor van oorloë en gerugte van oorloë. Pas op, moenie verskrik word nie, want alles moet plaasvind, maar dit is nog nie die einde nie. Want die een nasie sal teen die ander opstaan en die een koninkryk teen die ander; en daar sal hongersnood wees en pessiëktes [h pessiëkte is h dodelike epidemiese siekte; plaag; enigiets wat as skadelik beskou word] en aardbewings op verskillende plekke. Maar al hierdie dinge is die begin van die smarte,” (Matteus 24:4-8).

Dink jynie dat ons verder as die begin van die smarte gegaan het nie? Vers 9 lui: “Dan sal hulle jul aan verdrukking oorgee [en GOD en die engele kyk toe!] en julle doodmaak. [Soos wat hulle mans, vrouens en kinders in die Waco-slagting doodgemaak het en GOD en SY engele kyk toe. Janet Reno en Bill Clinton het op nasionale TV gesê

dat hulle albei verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Bill Clinton het gesê: ‘Dit behoort mense te leer om nie aan h kultus te behoort nie.’ Dit wat Bill Clinton gedoen het – en gesê het hy gedoen het – was h baie onregmatige, ongrondwetlike optrede teen die Eerste Wysiging]; ... julle [ware Christene] sal deur al die nasies gehaat word ter wille van MY Naam [want julle is lief vir JESUS. JESUS en die bewakers hou alles dop wat hier gebeur]. En dan sal baie tot struikel kom [as gevolg van die vervolging wat daarmee gepaardgaan om h ware Christen (nie h Katolieke nie) te wees] en mekaar verraai [soos hulle gedoen het] en mekaar haat [soos hulle doen]. En baie valse profete [van Satan] sal opstaan en baie mense mislei. [Openbaring 12:9 lui: ‘En die groot draak is neergewerp, die ou slang wat genoem word duiwel en Satan, wat die hele wêreld verlei, hy is neergewerp (uit die Hemel) op die aarde, en sy engele is saam met hom neergewerp.’] En omdat die ongeregtheid vermeerder, sal die liefde van die meeste verkoel. Wie egter tot die einde toe volhard, hy sal gered word. [GOD en die strydwaens van VUUR kyk en luister na alles.] En hierdie Evangelie [hierdie waarhede] sal verkondig word in die hele wêreld tot h getuie is vir al die nasies; en dan sal die einde [van die wêreld] kom. Wanneer julle dan die gruwel van die

(Vervolg op bladsy 4)

Ghana

Liewe Pastoor Tony Alamo

Mag God jou ryklik seën vir jou goeie werke wat jy steeds vir al die nasies doen. My kerk, *The Grace Hour Ministry International*, Ghana, het na dorpie om Mafi-Kumasi gegaan om Tony Alamo-nuusbriefe nuusbriefe aan meer as 5 000 mense te versprei. Ons het die goeie nuus vir hulle gebring en 500 mense het hulself aan Christus gegee. Ons het gereël om Dinsdae en Sondae bymekaar te kom om die Woord van God te bestudeer en vir Tony Alamo se bediening te bid. Ons tema vir die jaar vir hulle is: 2013 Die Jaar van Ongelooflike Sukses (1 Konings 8:56). Ek, as die leier van die groep, wil graag hierdie geleentheid gebruik om te vra vir 20 000 literatuurstukke, 50 Bybels vir die nuwe leiers vir daardie groep en 300 kopieë van die *Messias*-boek vir ons opkomende opelugkruistog op 11-20 Februarie 2013 en weereens, om te bid dat God ons gebede sal verhoor en Pastoor Alamo uit die tronk sal bevry.

Stephen Kwabla Gbeve

Volta-streek, Ghana



STRYDWAENS VAN VUUR

(Vervolg vanaf bladsy 3)

verwoesting, waarvan gespreek is deur die profeet Daniel, sien staan in die heiligdom – laat hy wat lees, oplet,” (Mattheus 24:9-15).

Die afskuwelikheid wat die wêreld verwoes is die samekoms van die Pous in Rome, die Vatikaan en die hoofde van al die nasies om die Een Wêreldregering, die Nuwe Wêreldorde te vorm. Dit is die dier [Antichris]. Dit is deur die gees van Satan.

Hier is 'n artikel gedateer 10 Desember 2012 oor 'n persverklaring van die Vatikaan: “Die Vatikaan bepleit 'n Wêreldregering en 'n Nuwe Wêreldorde,” deur Andrew Puhanic, medewerker, *Activist Post*. “Die leier van die Katolieke Kerk [kultus], Pous Benedict XVI bepleit die stigting van 'n Wêreldregering en 'n Nuwe Wêreldorde. In sy toespraak by die Pontifikale Raad vir Geregtigheid en Vrede op Maandag 3 Desember 2012 het die Pous die 'samestelling

van 'n wêreldgemeenskap met 'n ooreenstemmende outoriteit' bepleit om die 'algemene welsyn van die menslike familie' te dien.”

Die algemene welsyn? In Openbaring 16:1-2 sê GOD dat indien ons by so 'n verdoemende organisasie soos hierdie dier [Antichris], hierdie Een Wêreldregering, hierdie Nuwe Wêreldorde, aansluit, dat ons ons eie noodlot verseël: “En ek het 'n groot stem uit die tempel aan die sewe engele hoor sê: Gaan gooi die skale van die grimmigheid van GOD op die aarde uit. Toe gaan die eerste een weg en gooi sy skaal op die aarde uit en kwaadaardig en bese swere het aan die mense gekom wat die merk van die dier [weereens die merk van die Een Wêreldregering, die Nuwe Wêreldorde] gehad het en sy beeld aanbid het [wat die hele wêreld van misleide, ongeredde mense is.]”

Openbaring 19:20 lui: “En die dier [die Een Wêreldregering, die Nuwe Wêreldorde onder leiding van Rome¹⁷] is gevangene geneem en saam met hom

die valse profeet [wat die Romeinse Katolieke Kerk-kultus is] wat die tekens [valse wonderwerke, soos die verskyning van Maria en die standbeelde van 'n bloeiende JESUS wat aan die kruis hang en standbeelde van Maria met haar bebloede hande] in sy teenwoordigheid gedoen het, waarmee hy hulle verlei het om die merk van die dier te ontvang [die hele wêreld van mense wat deur Satan mislei is] en sy beeld aanbid het [diegene wat in diens gestaan het van hierdie regering en op sy betaallys was]. Lewend is die twee gewerp in die vuurpoel wat met swawel brand.”

Wat hierdie pous doen en sê is vinnig besig om die misleide wêreld te lei om die merk van die dier op hul hande of voorkoppe te laat kry. Almal met hierdie merk doen dieselfde as godslastering teen die HEILIGE GEES en hierdie pous mislei baie mense in die naam van vrede en veiligheid.¹⁸ Openbaring 13:16-17 lui: “En hy [Satan wat in die pous, sy valse kerk en sy

¹⁷ Op. 17:1-9, 15-18, 18:1-10, 15-19, 24, 19:1-3

Alamo Kerk

Dankie vir die vorige boks met literatuur. Ek sal graag nog 'n boks wil hê. Ek het net drie literatuurstukke oor!

Wanneer ek baie karre sien, wil ek dit op die windskerms sit. Pastoor Alamo se kasset oor die saai van saad het 'n groot impak op my lewe gehad. Pastoor Tony het ook gesê: “Doen iets terwyl jy kan.” Gister het ek 'n Lutherse Kerkskool met baie karre en 'n kollege gesien en toe Seal Beach-pier en ek het nie meer literatuur gehad nie! Dit was 'n wonderlike dag in die Here en ek het my gunstelingsport, “om die duiwel se alie te skop” geniet. Soos Pastoor Tony gesê het: “Dit verskaf my baie plesier.” Baie mense hoor van Tony deur die Vatikaan-beheerde media, soos julle weet. Wanneer ek vir hierdie mense literatuur gee, maak ek seker dat hulle die volle waarheid oor Pastoor Alamo hoor. Die smeerveldtogte wat hulle teen hom voer is vals en hulle haat hom

(net soos hulle vir Jesus gehaat het), want hy is openbare vyand #1 omdat hy die Vatikaan, Satan se kultus, ontbloom.

Dit is 'n oorlog van woorde, soos Pastoor Alamo gesê het: “God se waarhede teen Satan se leuens!” Maar baie mense vir wie ek literatuur gee, luister na die volle waarheid oor die Alamo-bediening. Hoe meer hulle Tony vervolg, hoe meer weet ek hy is van die Here af. Groot is jou beloning in die Hemel, Pastoor Tony, om jou lewe vir God te gee sodat ander gered kan word en vir ewig Hemel toe kan gaan en 'n ewige brandende Hel kan vryspring. Selfs as hulle jou vermoor, weet ek dat die werk van God wat jy gevestig het, sal voortgaan om die ewige evangelie te verkondig. Satan kan nie 'n ware werk van God stop nie! Selfs al is jy in die tronk, word die evangelie steeds sterker as ooit verkondig deur jou literatuur en deur toegewyde Christene soos jy, Pastoor, regoor die wêreld. Satan is 'n verslane vyand. Eer aan God!

Kalifornië

Die Vatikaan, die groot hoer, het nie verander nie en sal ook nooit nie! Ek bid dat God Pastoor Alamo van hierdie sataniese dier sal weghou en ek weet Hy sal! “Elke wapen wat teen jou gesmee word, sal niks uitrig nie.” Wat 'n belofte! “Raak my gesalfdes nie aan en doen my profete geen kwaad nie.” Openbaring 18:24 lui: “En die bloed van profete en heiliges is in haar [die Vatikaan] gevind en van almal wat op die aarde gedood is.” Maar ons weet wie wen aan die einde en dit is nie die duiwel nie! Hou aan verder gaan! Ek weet julle sal, julle kerk en Tony. Soos Tony gesê het: “Ek is seker julle het van die nuwe haatwet gehoor – as jy teen huwelike van dieselfde geslag is, sal dit 'n misdad wees.” Ek is seker hulle gaan dit binnekort afdwing.

Weereens dankie vir alles. Ek sien uit na die literatuur sodat ek kan aanhou om Satan aan te val! Prys die Here!

W. D.

Lakewood, CA

Nuwe Wêreldorde, Een Wêreldregering beliggaam is] maak dat aan almal, klein en groot, die rykes en die armes, die vrymense en die slawe n merk op hulle regterhand en op hulle voorhoofde gegee word; sodat niemand kan koop of verkoop nie, behalwe hy wat die merk of die naam van die dier of die getal van sy naam het.”

In sy persverklaring het die Pous bygevoeg dat dit “n manier is om wêreldvrede en geregtigheid voor te staan. [‘Julle het die duiwel as vader en die begeertes van julle vader wil julle doen. Hy was n mensmoordenaar van die begin af en staan nie in die waarheid nie, omdat daar in hom geen waarheid is nie.

Wanneer hy leuentaal praat, praat hy uit sy eie, omdat hy n leuenaar is en die vader daarvan,’ (Johannes 8:44).] Die Pous se visie vir die stigting van n Wêreldregering en n Nuwe Wêreldorde is veronderstel om nie n nuwe supermoondheid te skep nie, maar n nuwe beheerliggaam [vir n veroordeelde, ongeredde wêreld, maar met verlossing vir die heiliges]. Wat aan diegene (agterbakse politici) wat verantwoordelik is vir besluitneming, n kriteria bied vir oordeel en praktiese riglyne. Die Pous se woorde was: ‘Die voorgestelde liggaam (Wêreldregering) sal nie n supermoondheid wees wat in die hande van n paar saamgetrek is om alle mense te domineer en die swakkes

uit te buit nie.’ [Dit is presies wat hulle beplan om te doen en reeds doen.] Die Pous het ook sy visie beskryf as n ‘morele [immorele] krag’ of morele gesag [as hy so moreel was, waarom laat hierdie regering nie die Tien Gebooie in openbare skole of in staatsgeboue, soos howe toe nie?] wat die ‘mag het om te beïnvloed volgens rede, dit is, n deelnemende gesag, beperk volgens die wet in sy regsgebied.”¹⁹

GOD sê vir ons almal om weg te bly van al Satan se organisasies, hoofsaaklik Satan se Een Wêreldregering, wat sy beheer van Satan verkry oor die Nuwe Wêreldorde.²⁰ Gaan jy vir GOD of hierdie Satanistiese Vatikaans Rooms-

(Vervolg op bladsy 8)

18 Jer. 6:13-14, 8:11, Eseg. 13:9-10, Matt. 10:34, 1 Tes. 5:1-9 19 <http://www.activistpost.com/2012/12/vatican-calls-for-world-government-and.html> 20 2 Kor. 6:14-18, 2 Tes. 2:3-12, Op. 2:18-25, 14:8-11, 16:1-2, 10-11, hfst. 17, 18:1-8, 19:1-3, 17-21, 20:4, 10

Getuienis van Suzette Brown

My naam is Suzette Brown en ek is al vir byna vyf jaar lid van die Tony Alamo Christelike Bedienings. Dit is die beste vyf jaar van my lewe. Deur die leringe van my pastoor, Tony Alamo, het ek geleer om te bid en die Here in die hande te kry, hoe om die Bybel biddend te lees en hoe om voor mense te getuig. Ek is so dankbaar vir die Tony Alamo Christelike Bedienings, want nadat ek tot bekering gekom het, wou ek die Here met my hele hart dien en my lewe vir Hom gee en die deure van hierdie kerk het vir my oopgestaan.

Ek het van kleins af na ander Christelike kerke gegaan. Toe ek klein was, was ek baie lief vir gospelmusiek. My oom Mike was n pastoor en toe ek vyf jaar oud was, het hy my vertel van die Hel. Hy het my vertel van die vuur en ewige pyniging. Ek het vir hom gevra: “Hoe kan ek gered word?” Hy het saam met my gebid. Ek onthou hoe ek gebid het: “Here, ek glo U het aan die kruis vir my sondes gesterf en weer op die derde dag opgestaan. Kom woon in my hart Here Jesus.” Niemand het my vertel van die mag van die bloed van Jesus wat my sondes wegwas of dat ek die gebooie van God moet gehoorsaam nie. My oom het vir my vertel ek is gered en

ek kan nie my redding verloor nie. Ek het geglo in “een maal gered, altyd gered,” en dat niemand volmaak is nie. Dit is wat die kerke my vertel het. Ek het regtig gedink al wat ek nodig het vir redding is om n gebed te sê en te glo dat Jesus aan die kruis gesterf het vir my sondes. Vandat ek 5 jaar oud was, het ek geglo ek is gered.

Toe ek n senior in die hoërskool was, het ek na n Suidelike Baptiste Kerk toe gegaan. Die pastoor en die hoof van die koor het sondes gepleeg wat my afgesit het van die Christendom. Nie dat ek beter was nie, ek was ook n sondaar. Ek het opgehou kerk toe gaan.

My laaste jaar in die hoërskool wou ek pret gehad het en “cool” wees. Ek was n onderskeidingskandidaat. Ek het deurmekaar geraak met die verkeerde groep en verslaaf geraak aan metamfetamien. Ek het begin om dit elke dag te gebruik. Ek het begin jok, steel en dwelms verkoop. My lewe het buite beheer begin raak. Ek het so verlore geraak en depressief geword. Ek het so leeg en alleen gevoel. Ek het my ouerhuis verlaat en by my kêrel gaan bly. Hy was n dwelmlandelaar en ek het so ongelukkig geword. Ek het nie klaargemaak met kollege nie en ophou werk en die dwelmlewe



Suster Suzette Brown

gely. Ek het vir agt jaar van my lewe metamfetamien gebruik. Ek wou nooit verslaaf gewees het aan enigiets nie, maar Satan het n houvas op my gehad en ek kon nie ophou nie.

n Paar jaar na die 11de September het ek die dokumentêr, *Loose Change*, gaan kyk. Ek het gesien hoe die Twin Towers ineens stort en ek het geweet dit was n gekontroleerde vernietiging. Ek het begin navorsing doen oor 11 September. Ek wou die waarheid uitvind, wie verantwoordelik was vir 11 September. Ek het nie ons regering

(Vervolg op bladsy 6)

Getuienis van Suzette Brown

(Vervolg vanaf bladsy 5)

geglo nie. Ek het vier tot vyf jaar se navorsing gedoen – duisende ure se navorsing. Hierdie navorsing was soos 'n ontsnapping van my lewe en het 'n obsessie geword. Op daardie stadium van my lewe het ek hoog geraak op meth en navorsing gedoen. Een dag het ek geweet wat ek lees is 'n leuen. Ek het by my rekenaar gesit en begin bid: "Here, wys my die waarheid oor 11 September; ek voel so 'n swaar las om die waarheid te weet. Ek het al hierdie navorsing gedoen. Wys my die waarheid en roei die leuens uit." Die Here het my onmiddellik geantwoord. Ek het begin inligting kry oor die Jesuïete en die Vatikaan. Ek het niks geweet van die Katolieke Kerk nie. Ek het 'n video aanlyn gekyk waar Alberto Rivera (eks-Jesuïete priester) by die Tony Alamo Christelike Bedienings in 1984 gepraat het. Ek het op 'n geel plaknota geskryf: "Tony Alamo Christelike Bedienings" en dit eenkant gesit en heeltemal van die Tony Alamo Christelike Bedienings vergeet. Ek het

aangehou navorsing doen oor die Jesuïete en die Vatikaan. Ek het geglo in die voorverdrukking wegraping, ek het dus gedink ek sal nie hier wees wanneer die eenwêreldregering hier is nie. God het begin om my begrip oop te maak dat ons in die laaste dae leef en dat die Vatikaan die Moeder van Verafskuwing is. Ek wou dit nie glo nie.

Ongeveer hierdie tyd het my kêrel een dag na my toe gekom en vir my vertel dat die wegraping nie waar is nie. Ek het kwaad geword, maar ek het nie die Bybel geken nie en ek kon hom nie enigiets van die Bybel vertel om my oortuigings te steun nie. Ek het dus begin om die Bybel te lees om hom verkeerd te bewys. Ek kon nie enigiets in die Bybel kry om my oortuigings te steun nie. Ek het Matteus hoofstuk 24 vers 29-30 geles: "En dadelik na die verdrukking van daardie dae sal die son verduister word, en die maan sal sy glans nie gee nie, en die sterre sal van die hemel val, en die kragte van die hemele sal

geskud word. En dan sal die teken van die Seun van die mens in die hemel verskyn, en dan sal al die stamme van die aarde rou bedryf en die Seun van die mens sien kom op die wolke van die hemel met groot krag en heerlijkheid." Ek het gedink, "Die Here kom ná die verdrukking, nie voor die tyd nie!" Ek het ook skrifte geles waar Hy vir Sy dissipels gesê het om te "waak" en "om gereed te wees." "Julle weet nie die dag en die uur waarop Ek kom nie." Ek het vir die Here gevra: "Waarom sê U vir U dissipels om te waak en gereed te wees as ons nie ons redding kan verloor nie? Waaroor waak ons dan?" Die Here het met my hart gepraat en vir my gesê: "Want jy kan jou redding verloor." Ek was so kwaad vir die kerke. Daar is vir my gejoj en ek is mislei. Ek wou nie teruggaan kerk toe nie.

Teen hierdie tyd was ek steeds verlore en dood in my sondes, verslaaf aan meth. Ek het opgehou navorsing doen oor die Jesuïete, want ek het bang geword. Ek wou dit uit my gedagtes kry. Een dag was ek hoog in my

Duitsland

Liewe Pastoor Alamo

Wees gegroet in die naam van die Here. Ek was so geseën toe ek jou webwerf lees. Ek wil vra of jy vir my van jou literatuur in Engels en Duits kan stuur. Dit sal so lekker wees as jy materiaal vir 100 mense kan stuur, want ek wil vir elkeen in my kerk 'n *Messias*-boek gee. Kan jy asseblief 50 in Duits en 50 in Engels stuur. Ons het ook 10 Bybels in Engels of Duits nodig en strooibiljette vir 'n 1 000 mense, want ons wil 'n uitreik doen! God seën jou ryklik omdat jy ons help om die verlore mense met die woord van God te bereik! Hoop om binnekort van jou te hoor!

Groete in Christus
Andre J. Schoen
Cologne, Duitsland

Suid-Afrika

Hoe wonderlik is Hy, die God van Jakob en ons Lewende Heilige God! Ek is altyd dankbaar teenoor God, omdat jou bediening mense regtig na God bring en hulle begin om God met hulle hele hart, siel en krag te dien. Dankie, Pastoor Tony Alamo. Mag God se guns en genade met jou en jou bediening wees.

Gift Limban Nangwale
Johannesburg, Republiek van Suid-Afrika

Uganda

Liewe Pastoor Tony Alamo

Wees gegroet in die naam van ons Jesus Christus. Ek is Pastoor Embwata Yamungu, die verspreider van jou literatuur in Kampala, Uganda.

Ek wil God bedank vir die werk wat Hy deur jou literatuur doen. Ek het jou literatuur by City Center College School en Laerskool Nakivubo versprei. Meer as 30 studente is gered. In die Demokratiese Republiek van die Kongo is 15 mense gered.

Ek versoek dat jy vir my literatuur plus 20 Engelse Bybels, 20 Franse Bybels, 20 Franse *Messias*-boeke, 20 Engelse *Messias*-boeke en 25 T-hemde vir die span in Uganda en die Kongo sal stuur. Daardie Bybels gaan versprei word aan die nuwe bekeerde geliefdes.

Groete in Christus
Pastoor Embwata Yamungu
Kampala, Uganda

woonkamer en hierdie oorweldigende skuldgevoel het oor my gekom. Ek kon die teenwoordigheid van die Here voel. Ek het onbeheerbaar begin huil. Ek het op my knieë geval en uitgeroep na die Here met my hele hart en gesê: "Here, hoe kan ek sê dat ek U liefhet en aanhou sondig en hoe kan ek myself in Christen noem en aanhou sondig?" My hart het in 'n miljoen stukke gebreek. Ek het so skaam, so gebroke en so vuil gevoel. Die Here het vir my gewys ek is nie gered nie en dat ek op pad was Hel toe. Ek het die Here gevra om vir my 'n manier te wys om reg te maak met Hom, om êrens heen te gaan. Ek het vir die Here gesê dat al die kerke vir my gejok het en dat daar êrens moet wees waarheen ek kan gaan. Ek wou nie Hel toe gaan nie, ek wou nie meer dwelms gebruik nie, maar ek kon nie ophou nie. Ek wou nie meer sondig nie, maar ek kon nie ophou nie.



Broer Joseph Banda besig om Pastoor Alamo se sielsverowerende literatuur in Chipata te versprei – Chipata, Zambië

Florida

Baie, baie dankie! Laat weet vir Pastoor Alamo dat ek baie van sy boodskappe afgelaai en op CD's gesit het om daarna te luister. Dit verhoed dat ek radio luister (ek kyk al van 2003 af nie meer TV nie). Ek luister die hele tyd na Pastoor Alamo se boodskappe en ek leer so baie van die WOORD. Dit het my so baie geseën!

Liefde in Yahshua

Hank Christen

St. Petersburg, Florida

Ek het op die geel plaknota afgekom waarop ek maande vantevore geskryf het: "Tony Alamo Christelike Bedienings." Ek het aanlyn gegaan en begin om die evangeliese literatuur te lees. Ek kon nie genoeg kry nie. Die literatuur was gevul met die Heilige Gees en dit was soos helende water vir my gebroke siel. Ek het die literatuur die hele dag en nag lank gelees. Dit was kragtig. Ek het "Die Pous se geheime", "Bose Eenwêreldregeringsagente gee hulle voor as agente van die Verenigde State" en "Nog in Pearl Harbour" gelees en ek het geweet ons pastoor ken die waarheid.

Ek het op 'n Saterdag my kêrel gevra om my van die San Francisco-baaigebied af ondertoe te neem. Ek kon die Heilige Gees voel. Ek het geweet dit is waar die Here my wou gehad het, maar ek was nie gereed nie. Ek het huis toe gegaan en die Here het vir drie weke met my gewerk. Ek het vasgeklou aan dwelms en my kêrel. Een dag het ek die literatuur getiteld, "Die Pad na Krag" gelees. Ek het die geloof ontvang om op my knieë te gaan. Satan het vir my gesê ek gaan teruggaan op dwelms, so ek wou nie die sondaar se gebed sê nie. Maar hierdie keer was die boeie

gebreek. Ek het met my hele hart geglo dat die Here my van my sondes en my dwelmverslawing sal verlos. Ek het die sondaar se gebed met my hele hart gesê en in my gedagtes gesê: "Ek gaan die Here dien met my hele hart en nooit terugkeer na 'n lewe van sonde nie." Ek was op my knieë in 'n hotelkamer. Jesus Christus het my bevry. Ek het geweet ek is gered. Ek kon voel hoe Sy Heilige Gees binne in my kom en Sy bloed my sondes wegwas. Ek was so gelukkig. Ek het gehuil van vreugde. Ek wou hardloop en vir almal vertel wat nou-net met my gebeur het. Ek het geen begeerte gehad om dwelms te gebruik of te sondig nie. Al wat ek wou doen, was om die Bybel te lees en die Here te dien. Ek het twee dae nadat ek gered is op 11 Januarie 2008 by hierdie bediening aangesluit. Ek het twee tasse gepak en op 'n trein geklim en hierheen gekom. Ek was nog nooit so gelukkig nie. Ek is steeds dwelmvry. Ek is gedoop met die Heilige Gees en dit is wat ek vir die res van my lewe wil doen, om terug te gee aan die Here want Hy het sy lewe vir my op Golgota gegee. Die Here kan jou waarlik red en die mag gee om sondes te oorkom. Hy het dit vir my gedoen en Hy kan dit vir enigeen doen wat Hom met 'n opregte, berouvolle hart roep.

Die Filippyne

Liewe Evangelis Tony Alamo

Ek skryf die brief met die hulp van my werkgewer se dogter wat soos 'n jonger sussie vir my is, aangesien ek nie so goed is om in Engels te skryf en dit te praat nie. Ek is negentien jaar oud; 'n hoërskoolgegradueerde van een van die provinsies van Die Filippyne genaamd Antique en werk nou al vir meer as 'n jaar as 'n huiswerker by hierdie gawe familie.

Die familie luister elke Sondag na jou radioprogram "Tony Alamo Ministries" en hulle het my aangemoedig om ook daarna te luister. Soms verstaan ek nie mooi nie, want ek ken nie die woorde nie, maar hulle verduidelik vir my wat in

jou program gesê word en sodra ek dit verstaan, begin ek mediteer oor die boodskap en waardeer ek dit beter.

Ek hoop jy sal aanhou om God se liefde deur jou program te versprei. Meer mag aan jou en sluit my asseblief by jou gebedsversoeke in, veral die gesondheid van my familie. Sluit ook asseblief die familie vir wie ek werk by jou gebedsversoeke in. Hulle is so goed vir my en behandel my soos een van hulle.

Salamat po (dankie)

Liezzle Esponilla

Quezon City, Die Filippyne

STRYDWAENS VAN VUUR

(Vervolg vanaf bladsy 5)

Katolieke-kultus en die Pous glo? Daar is geen voordeel daaraan verbonde om in Satan se Pous te glo nie. Die einde van diegene wat in hom glo en hom volg is 'n ewigheid in die Poel van Vuur.

Glo in GOD wat dit duidelik maak dat daar geen lewe op enige ander planeet is nie. Glo ook dat die VVV'e die engele van die Hemel, die Bewakers is. Glo die ALMAGTIGE GOD, wat weereens alomteenwoordig is, wat beteken HY is oral op dieselfde tyd.

As jou keuse GOD is, bid dan hierdie gebed. Word dan gedoop, ten volle onderdompel in water, in die naam van die VADER, die SEUN en die HEILIGE GEES.²¹ Bestudeer die Afrikaanse Bybel [King James-weergawe van die Bybel] en doen wat dit sê.²²

My HERE en my GOD, wees my, sondaar, genadig.²³ Ek glo dat JESUS CHRISTUS die SEUN van die lewende GOD is.²⁴ Ek glo dat HY dood is aan die kruis en SY kosbare bloed uitgestort het vir die vergifnis van al my vorige sondes.²⁵ Ek glo dat GOD JESUS uit

die dode opgewek het deur die krag van die HEILIGE GEES²⁶ en dat HY op hierdie oomblik aan die regterhand van GOD sit en luister na my belydenis van sonde en hierdie gebed.²⁷ Ek maak die deur van my hart oop en ek nooi U in my hart in, HERE JESUS.²⁸ Was al my vuil sondes weg in die kosbare bloed wat U in my plek gestort het aan die kruis by Golgota.²⁹ U sal my nie wegwys nie, HERE JESUS; U sal my sondes vergeef en my siel red. Ek weet, want U WOORD, die Bybel, sê so.³⁰ U Woord sê dat U niemand sal wegwys nie en ek weet - dit sluit my in.³¹ Daarom weet ek dat U my gehoor het en ek weet dat U my geantwoord het en ek weet dat ek gered is.³² Ek dank U, HERE JESUS, dat U my siel red en ek sal my dankbaarheid toon deur te doen soos U beveel en nie meer te sondig nie.³³

Noudat jy gered is, dien God met jou hele hart, siel, verstand en krag (Markus 12:30).³⁴

Die Here wil hê dat jy almal van jou redding vertel. Jy kan h verspreider word van pastoor Tony Alamo se evangeliese literatuur. Ons sal die literatuur kostevry aan jou stuur. Skakel of e-pos ons vir

meer inligting. Deel die boodskap met iemand anders.

As jy wil hê die wêreld moet gered word, soos wat JESUS beveel, moet dan nie vir GOD beroof van SY tiendes en offerhandes nie. GOD het gesê, "Sal 'n mens werklik vir GOD beroof? Tog beroof julle MY. Julle vra: 'Waarvan beroof ons U?' Van tiendes en offergawes. Daar rus alreeds 'n vloek op julle en tog bly julle MY beroof; die hele nasie [en die hele wêreld] doen dit. Bring die volle tiende [n tiende is 10% van jou bruto inkomste] na die voorraadkamer toe sodat daar iets te ete kan wees [geestelike kos] in MY huis [siele gered kan word] en toets MY hierin, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Toets MY of EK nie die vensters van die hemel vir julle sal oopmaak en vir julle seëninge sal uitgiet, meer as wat julle kan gebruik nie. EK sal die sprinkane keer sodat hulle nie die opbrengs van julle grond sal verwoes nie en dat julle wingerde nie sonder vrugte sal wees nie, so sê die HERE, DIE ALMAGTIGE. Dan sal al die nasies julle as gelukkige mense beskou; julle sal in 'n begeerlike land woon, so sê die HERE VAN DIE LEËRSKARE" (Maleagi 3:8-12).

21 Matt. 28:19-20, Joh. 3:5, Hand. 2:38, 19:3-5 22 2 Tim. 2:15, 3:14-17, Jak. 1:22-25, Op. 3:18 23 Ps. 51:5, Rom. 3:10-12, 23 24 Matt. 26:63-64, 27:54, Luk. 1:30-33, Joh. 9:35-37, Rom. 1:3-4 25 Hand. 4:12, 20:28, Rom. 3:25, 1 Joh. 1:7, Op. 5:9 26 Ps. 16:9-10, Matt. 28:5-7, Mark. 16:9, 12, 14, Joh. 2:19, 21, 10:17-18, 11:25, Hand. 2:24, 3:15, Rom. 8:11, 1 Kor. 15:3-7 27 Luk. 22:69, Hand. 2:25-36, Heb. 10:12-13 28 1 Kor. 3:16, Op. 3:20 29 Ef. 2:13-22, Heb. 9:22, 13:12, 20-21, 1 Joh. 1:7, Op. 1:5, 7:14 30 Matt. 26:28, Hand. 2:21, 4:12, Ef. 1:7, Kol. 1:14 31 Matt. 21:22, Joh. 6:35, 37-40, Rom. 10:13 32 Heb. 11:6 33 Joh. 5:14, 8:11, Rom. 6:4, 1 Kor. 15:10, Op. 7:14, 22:14 34 Deut. 4:29, 6:5, 10:12, 11:13, 13:3-4, 26:16, 30:6, Josh. 22:5, Matt. 22:37-40, Mark. 12:29-31, Luk. 10:27

Tony Alamo, World Pastor, Tony Alamo Christian Ministries Worldwide • P.O. Box 2984, Hollywood, CA 90078
24 uur gebeds- en inligtingslyn: (661) 252-5686 • Faks. (661) 252-4362

www.alamoministries.com • info@alamoministries.com

Tony Alamo Christelike Bedienings Wêreldwyd verskaf woonplek met alle lewensnoodsaaklikhede aan almal wat werklik die Here wil dien met hul hele hart, siel, verstand en krag, in ons VSA-gebiede.

Dienste word elke Dinsdagaand om 20:00 in die stad, New York en ander plekke gehou.

Skakel asseblief (908) 937 5723 vir inligting. ETES WORD BEDIEN NA ELKE DIENS.

Vra vir Pastoor Alamo se boek, *The Messiah*, wat aandui hoedat CHRISTUS in die Ou Testament geopenbaar word deur 333 profesieë.

Word 'n werker in die oes van siele deur 'n verspreider van Pastoor Alamo se literatuur te word.

Al ons literatuur en oudioboodskappe is gratis en sluit versending in.

As enigiemand poog om jou daarvoor te laat betaal, maak asseblief 'n kollekteeroproep na (661) 252 5686.

HIERDIE LITERATUUR VERKONDIG DIE WARE PLAN VAN VERLOSSING (Hand. 4:12).

MOET DIT NIE WEGGOOI NIE, GEE DIT VIR IEMAND ANDERS.

Indien u in 'n ander land woon, moedig ons u aan om die literatuur in u moedertaal te vertaal. As u dit herdruk, sluit asseblief die kopiereg en registrasie in:

© Kopiereg Februarie 2013 Alle regte voorbehou Internasionale Pastoor Tony Alamo ® Geregistreer Februarie 2013

AFRIKAANS—Volume 17500—Chariots Of Fire